

27 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 1:18-30
Fokusgedeelte: Romeine 1:20; Galasiërs 5:22

Kultivar

In kontras met die meedoënloos harde en sondige (hartseer)wêreld met sy kakiebos, hakea en onkruid (Rom. 1:23-32) lê God 'n vrugteboord aan met verskeie kultivars (Gal. 5:22). Paulus noem dit “vrug” (enkelvoud) *van die Gees*. Enkeles daarvan is:

- *iefde-kultivar* L

Dis nie liefde soos *ek hou van* (Grieks: *filein*) nie; *ek hou van filosofie* (liefde vir wysheid) of *filantropie* (mensliefde) nie. Die liefde-kultivar is *agape-liefde*. Dit is die *liefde* van *selfopoffering* – soos die Here Jesus Christus liefgehad het en *Homself verneder het deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem* (Fil. 2:7).

- *rede-en-vreugde-kultivar* V

Die wind en weer waarin God se vrugteboord groei, is nie ekologies- en omgewingsvriendelik nie. Dit word beduiwel deur die mensemoordenaar (Joh. 8:44) met jaloesie, onsedelikheid, intimidasie en geweld. Tog gee God aan die lewe met sy skemer en skaduwee, vreugde en vrede. God is dié Outeur en Bewerker van ware en unieke vrede en vreugde.

- *riendelikheid-kultivar* V

Vals vriendelikheid en vrot kultivar kom ook voor. Dis vriendelikheid met 'n slenter – geslepe vriendskap met 'n angelier van vriendelikheid op die lapel, maar met 'n dolk onder die jas. Hierdie “*gebruikersvriendelikheid*” is van die duiwel! Egte vriendelikheid is om vriend van die ware Vriend, Jesus Christus, te wees. *Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel*” (Joh. 15:14).

- *ederigheid-kultivar* N

In God se vrugteboord is ook *nederigheid-kultivar*. Dit word egter deur indringerplante bedreig. Egte nederigheid is in toewyding aan God geanker. Wie kan windlawaaier en pierewaaier wees as Christus Hom tot die dood verneder het vir my, sondaarmens? En *wat besit jy wat jy nie ontvang het nie?* (1 Kor. 4:7).

- *ngeënte kultivar* I

Kultivar van die vrug van die Gees van God is nie *kosmetiese kunsvrug* nie, maar *ingeënte kultivar* – in Christus ingeënt deur geloof in Hom en gesnoei deur die Woord en Gees van God. Versier jouself en verryk jou kontrei met egte *ingeënte kultivar* van die Gees van God!

Sing: Psalm 92:6, 7 (1936)

Dr. PW Bingle (Emeritus, Kaapstad)